

**2 Mei**

**Skrifgedeelte: Handeling 6:8-7:53**

**Fokusgedeelte: Handeling 7:51**

### **Nog 'n laaste geleentheid**

Dit is reeds die derde keer dat 'n kragtige getuienis deur wonders en tekens aanleiding daartoe gee dat die evangelieboodskap in die raadsaal van die Joodse volk aan hulle leiers verkondig word. Dit sou egter ook die heel laaste keer wees. Niemand was opgewasse teen die wysheid wat Stefanus van die Heilige Gees ontvang het nie. Met valse aanklagte het hulle hom voor die Joodse Raad gebring. In 'n uitvoerige preek het hy met 'n oorsig oor die hele geskiedenis van die Ou Testament die waarheid skerp en duidelik verkondig. Hierdie Joodse leiers het op presies dieselfde wyse as hulle voorvaders gesondig, naamlik deur God se Woord nie te aanvaar nie. Hulle voorvaders het die profete van die ou bedeling doodgemaak. Só het hulle ook net 'n paar weke tevore die Regverdige verraai en vermoor. Hulle het Hom nie gekroon as hulle Koning nie, maar Hom gekruisig as 'n verwerpene.

Die geskiedenis van die volk Israel is die bewys dat die mens nie regtig uit sy foute leer nie. Hoe kragtig het die profete, Johannes die Doper, Jesus Christus self, en nou ook Petrus, Johannes en Stefanus nie die waarheid aan hierdie Joodse volk en hulle leiers verkondig nie. En steeds is hulle siende blind en horende doof. Hulle staan veroordeel in hulle moedswilligheid.

Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is, roep Hom aan terwyl Hy nog naby is. Hy is genadig, maar diegene wat nie wil hoor nie, word uiteindelik verbygegaan.

Sing: Psalm 81:9,12

Ds IW Ferreira (Magol)